



SU unveils HOPE Project to South Africa and the world

University initiative aims to have a global impact

"The HOPE Project allows us to do three things – to be of service to society, addressing both existing problems and meeting future needs, to be the best University we can possibly be for a new generation and to galvanise others into joining us in our quest to help make the world a better place."

These were the words of Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University (SU), at the launch of the HOPE Project to a local and an international audience at the Konservatorium in Stellenbosch last week (21 July). Viewers across the world, which included SU alumni living and working in different parts of the globe, tuned in to watch the event via live streaming.

Guests present included diplomatic representatives from the United States, Switzerland, India and Thailand, municipal, provincial and regional government representatives, members of the South African National Defence Force, the SU Council, the HOPE Project Advisory Committee, academics and local and international business leaders.

"We have three responsibilities as a university. The first is a moral responsibility. Given our history, we have a moral responsibility to the poor, to rural communities and to a

diversity of individuals in our country," explained Prof Botman.

"Our second responsibility is the historical responsibility to face up to the lingering burdens of the 20th century. The third responsibility is the responsibility to embrace the challenges of the 21st century, the world of a new generation of young people, new ways of learning, new opportunities for research and the need for harnessing emerging technologies on an ongoing basis".

"The HOPE Project is our way of living up to these responsibilities. It is our new, long-term strategic plan – and it is ambitious, comprehensive and integrated," he added.

The audience was entertained by the likes of the Libertas Choir, which filled the Konservatorium's Endler Hall with, amongst others, the haunting beauty of Celine Dion's and

Andrea Bocelli's *The Prayer*, which was sung in English, Afrikaans and isiXhosa. The SU Choir, led by conductor André van der Merwe, was unable to attend, as they were in China where they had just been

“Hope is a powerful human concept...hope raises us up to go out and make a difference.”

– Dr Shirley Jackson

crowned world champions of the World Choir Games. The Choir won two gold medals and attained the highest overall score of 95.8% of all the 450 choirs that participated.

The evening was full of surprises, with Prof Botman announcing the University's first Endowed Chair in

Intellectual Property, which will be funded by Richemont, the world's leading luxury-goods group, of which the University's Chancellor, Dr Johann Rupert, is Executive Chairperson and Chief Executive Officer.

The Rector also spoke about the University's goal to raise R1.75 billion over the next five years through the HOPE Project to ensure the future sustainability of the project.

"We can announce with pride that, in the past three years – the silent phase of the HOPE Project – we have raised nearly R500 million in philanthropic contributions". (Read more on page 1 of Kampusnuus.)

He also announced plans to establish the Frederick van Zyl Slabbert Institute for Leadership Development, named after the late Dr Frederick van Zyl Slabbert, former Chancellor of the University. "We will focus, amongst



Rector and Vice-Chancellor Prof Russel Botman addresses the audience at the launch of the HOPE Project

others, on the development of our youth and student leaders and equip them with a sense of responsibility towards our country and its people".

Prof Botman said that, through this campaign, the University also hoped to increase the percentage of alumni who currently supported Stellenbosch through financial contributions from 2% to 10%. A recent example of this philanthropic spirit, he said, was the MAP bursary fund set up by Stellenbosch graduates Nico Mans, Paul Antohnie and Alphonso Primo.

(continued on third page)



HOPE as we see it



Prof Sandy Liebenberg



Dr Jerome Slamat



Dr Albie Sachs



Mr Ernst van Dyk

The concept of hope was discussed by several panelists that included prominent individuals from South Africa's academic, legal, economic and sport circles, HIV/Aids advocacy groups and the media during the *Hope in South Africa* conference held on campus last Thursday (22 July). The Conference formed part of the launch of Stellenbosch University's HOPE Project and speakers presented various papers on how they envisioned hope in their respective fields.

Speaking at the Conference, with his paper on *The constitution as a source of hope*, Dr Albie Sachs, former judge of the Constitutional Court, warned against "blind optimism". Dr Sachs, who had been an academic for a number of years, said that a university should take risks: "an experiment is a risk" and "universities should engage in that wrestling match between hope and doubt". The constitution does not provide food, homes and other things to people, he said, "but it provides the framework to do that."

Prof Ben Smit, Director of SU's Bureau for Economic Research, spoke about how the global economy seemed to be recovering from the recession, although he warned that significant risks still remain. In his paper entitled *In times of financial meltdowns, what says the financial crystal ball? Is there still hope?*, he said that there was "realistic hope for global and domestic economic conditions to facilitate the University's important role in providing hope for the future via the creation of human capital and knowledge".

Socio-economic rights expert and author of the recently published *Socio-Economic Rights: adjudication under a transformative constitution*, Prof Sandy Liebenberg, delivered a paper entitled *Socio-economic rights: Real or false hopes?* She pointed out that poverty has a profound impact on all three the key values of human rights: human dignity, equality and freedom. One of the challenges of ensuring that socio-economic rights offer real hope is "the creation of a range of effective, accessible forums to enable the voices of disadvantaged groups to be heard in relation to socio-economic rights".

The issue of maintaining hope amidst adversity featured prominently in the presentation of Ms Nokhwezi Hoboyi, Ekurhuleni District Coordinator of the Treatment Action Campaign (TAC), who presented a paper on *Living with hope amidst the pandemic of HIV/Aids*. In 2004, she had full-blown Aids and "thought that I had no chance of surviving, but through the treatment literacy on the science of HIV I received from TAC, I regained my strength, hope and will to survive". She is healthy now because of antiretroviral treatment "giving hope to other people who have just discovered their HIV status". Developments that have taken place in dealing with the HI virus throughout the world provide hope, she said.

Other speakers included Ms Phylicia Oppelt, editor of *The Times*, and Paralympics athlete and international gold medallist Mr Ernst van Dyk.

"My hope is sometimes tempered by reality," said Ms Oppelt, who delivered a paper entitled *The media: Mirror of hope, or of despair?* "There are things that have become uncomfortable for me," she said, referring to the possibility of restrictions on the press. Reporting about uncomfortable issues "is my job", she said, "and I won't apologise to anybody about it."

Mr Van Dyk delivered a paper entitled *Hope is never giving up, even against the odds*. "Life throws setbacks at you, to inspire you to perform better," he said and suggested that one must have "a purpose in life, a goal – and be able to bounce back, like a rubber ball".

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University (SU), also participated in the panel discussion and described SU's Hope Project as "driving transformation in a broad context". The project, he said, is "about how we want to be seen and heard in the world".

"We want to be a relevant as well as a good institution...a place that people can call home," he said.

Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, opened the Conference. SU staff as well as members of the public attended. Dr Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction, led a panel discussion and interactive session at the end of the Conference.

— HANS OOSTHUIZEN



Prof Julian Smith



Ms Phylicia Oppelt



Prof Ben Smit



Ms Nokhwezi Hoboyi

Building a 'bridge of hope' across two continents

Imagine: A bridge of hope that links continents and connects two institutions of higher learning through a number of photons travelling through a mesh of fibre-optic cables spanning the Atlantic Ocean through London and then running undersea all the way to Cape Town and further inland.

That's the kind of network that Stellenbosch University and Rensselaer Polytechnic Institute in Troy, New York, will build through the Virtual Bridge to Africa agreement. Guests at the launch of the HOPE Project on 21 July were given a glimpse of what is possible during a short virtual link-up from the Endler Hall in the Konservatorium, Stellenbosch, when Rensselaer's President, Dr Shirley Jackson, tuned in to not only view and listen to the proceedings, but later spoke to the audience as well.

"The Virtual Bridge demonstrates what can be achieved through innovative collaboration between institutions that share a common vision," said the Rector and Vice-

Chancellor, Prof Russel Botman. "We concluded an agreement last year to ensure capacity building in science and engineering and to encourage the youth to focus their studies on the global challenges of our time."

The agreement came about thanks to Rensselaer alumnus, entrepreneur, filmmaker and MapInfo founder Sean O'Sullivan. "His financial support is allowing student teams from both of our institutions to work together to find new answers in the fields of energy, the environment, water resources, trans-

portation and disease control – all glocal – in other words, global in scope, local in impact," said Dr Jackson.

However, it was a meeting prior to this between

Rensselaer's President, Dr Shirley Jackson, during the virtual link-up with the HOPE Project launch last week



Rensselaer's President, Dr Shirley Jackson, during the virtual link-up with the HOPE Project launch last week

Prof Botman and Dr Jackson in 2007 that led to the final agreement. The two institutional heads were curious about how university exchanges could be taken to the next level and how modern technology could be exploited in such partnerships.

According to Prof Botman and Dr Jackson, the Virtual Bridge raises the bar for educational exchange and research collaboration at a distance.

"This 'bridge of light' (the photons) also will be, in my view, a 'bridge of hope'. Research faculties and students from Rensselaer and Stellenbosch will be able to collaborate remotely as never before, engaging in computational research and data exchange at speeds of 10 gigabits per second. This, in turn, will enable the creation of new opportunities, new ideas and new approaches. We will be limited only by our imaginations," said Dr Jackson.





Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, en die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, tydens Maandagaand se funksie in Johannesburg

US stel HOOP Projek ook in Johannesburg bekend

Die HOOP Projek is ook in Johannesburg bekend gestel. 'n Galageleenheid is op 26 Julie gehou wat deur onder andere die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, sakeleiers, diplomate, alumni en lede van die media, bygewoon is.

Me Pandor, wat gereageer het op die ampelike bekendstelling deur prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, het in haar toespraak gesê dat die projek die toegewydheid wat die instansie tot vernuwing en relevansie het, demonstreer en dat dit gebaseer is op gesonde akademiese beginsels en 'n akkurate ontleding van nasionale en Afrika-wye behoeftes.

Sy het bygevoeg dat 'n toegewydheid tot die bevordering van wetenskapsbeoefening in Afrika en die oplos van sommige van die kontinent se hardnekkigste probleme verwelkom word. "Die Universiteit is 'n instansie wat hom kan beroep op akademiese bronne van 'n hoë gehalte en 'n reputasie vir sukses het. Hierdie instansie het die potensiaal om 'n betekenisvolle bydrae te maak tot Suid-Afrika en Afrika se transformasie agenda."

— MARTIN VILJOEN

SU unveils HOPE Project

(from first page)

The three graduates were inspired to establish the bursary – the name is compiled from the first letters of their surnames – following their own struggles to afford tertiary education. (*More about this and other recent donations by alumni and staff in the next edition of Kampusnuus.*)

While Prof Botman was explaining the HOPE Project to the audience, Dr Shirley Jackson, President of the Rensselaer Polytechnic Institute, the oldest technological research university in the United States, watched and participated in the proceedings from Rensselaer's premises thanks to the new Virtual Bridge to Africa agreement between SU and Rensselaer. (*Read story on previous page.*)

Dr Jackson is a woman of many firsts – she is the first woman and first black president of Rensselaer and the first woman to graduate from the Massachusetts Institute of Technology with a doctorate in Particle Physics. Under her leadership, Rensselaer completed a \$1.4 billion development campaign last year.

"Hope is a powerful human concept. If faith moves mountains, hope raises us up to go out and make a difference. And when we fall, it is hope that drives us to rise again, to renew our work on the challenges of the day and to succeed in making a positive difference," she said.

Dr Jackson said that she endorsed the HOPE Project and had great confidence in its "future achievements" because she believed that the University had the "dedication, competence and creativity" to take on

such an ambitious project and because SU is considered a "valued partner" of Rensselaer.

"The strategy may be far-reaching but it is also practical. Our partnering with Stellenbosch University and, importantly, its partnering with other African universities, will provide and maximise opportunity for societal impact. The HOPE Project will provide a framework for a number of specific efforts – from helping the disabled to participate fully in society, to preventing Aids infections – where results can be expected within this generation. At the same time, much of the work – such as developing Africa's future leaders – will have impact far into the years to come," said Dr Jackson.

"Investment in the HOPE Project is an investment in the sustained academic excellence of Stellenbosch University and enables the University to use its proven strengths to serve human need and to be a beacon and model of higher education for the whole world."

— LYNNE RIPPENAAR





Op die foto verskyn van links prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US; Deon Scharneck, die dryfveer agter die Hoop in 'n bottel-projek; Nataly Pietersen, wat as deel van MatieHoop met 'n liedjeskryfkompetisie vorendag gekom het; Nadia Marais, SR-lid met die portefeuilje Eenheid en Dialoog; en Gerhard Wiese, Voorsitter van die SR.

Deur MatieHoop doen studente ook hul deel

Met MatieHoop wil die Studenteraad (SR) van die Universiteit Stellenbosch (US) studente bemagtig om met inisiatiewe vorendag te kom wat by die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, se groter visie met die HOOP Projek aansluit. Dít is die gevoel van SR-lid Nadia Marais, wat vir die portefeuilje Eenheid en Dialoog verantwoordelik is.

"Prof Botman se HOOP Projek lê 'n stuk verantwoordelikheid voor elke student se deur," verduidelik sy na afloop van die bekendstelling van MatieHoop op 23 Julie op kampus.

"Ons wil hê dat alle studente bemagtig sal word om die visie van hoop hul eie te maak."

"Ons verwag nie dat elkeen met 'n projek vorendag kom nie, maar studente kan reeds 'n groot verskil maak deur as mentors in koshuise, tutors op kampus, of by gemeenskapsaksies buite die kampus betrokke te raak. Studente moet by mekaar

en by die groter gemeenskap inskakel. Ons moet volwaardige vennote van die groter HOOP-visie wees," sê sy.

By die bekendstelling het prof Botman gesê studente se sukses "lê aan die hart van wat ons doen".

In haar toespraak het Nadia studente uitgedaag om ook 'n verskil te maak.

"Ons staan vandag voor 'n keuse om die geleentheid te gebruik om deel te neem aan iets wat werklik 'n verskil kan maak. As studente moet ons droom én doen. Hier is 'n geleentheid vir albei."

Een van die studente wat droom en

werklikheid met mekaar versoen, is Nataly Pietersen, 'n derdejaarstudent in BA Tale en Kultuur. Op haar inisiatief word 'n liedjeskryfwedstryd vir studente tans beplan.

"Die doel is dat studente, hetsy individueel of in groepes, liedjes sal skryf wat 'n duidelike boodskap van hoop oordra. Op dié manier sal die leiers van die Universiteit 'n duidelike begrip kan vorm van hoe die studente hoop verstaan en hoe hulle die toekoms van die Universiteit sien. Dié inligting maak dalk verdere projekte moontlik," sê Nataly.

Maties gaan 'n bottel vol hoop die wêreld in stuur

'n Bottel gevul met meer as 20 000 hoopboodskappe gaan iewers langs die Kaapse kus in die see gegooi word.

Dít is die idee waarmee Deon Scharneck, 'n eerstejaarstudent in Teologie aan die Universiteit Stellenbosch (US), vorendag gekom het om in te skakel by prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, se visie vir die HOOP Projek, waardeur die Universiteit die samelewing volgens 'n stel ontwikkelingsdoelwitte van diens wil wees.

"Die idee is dat studente en werknemers van die Universiteit boodskappe skryf waarin hulle hul idee van hoop verwoord," verduidelik Deon. "Waar die bottel uiteindelik uitspoel, sal God se wil wees."

Die Hoop in 'n bottel-projek is op 23 Julie van stapel gestuur as deel van die bekendstelling van die groter MatieHoop-visie en -veldtog, 'n projek waardeur studente hul eie inisiatiewe onder die Studenteraad se portefeuilje Eenheid en Dialoog met die Rektor se HOOP Projek wil versoen. Daar sal duidelik op die bottel aangedui word dat die boodskappe 'n MatieHoop-inisiatief is. Kontakbesonderhede sal ook aangebring word om te verseker dat wie ook al die bottel vind, met die US in aanraking kom.

"Ons hoop om ook studente en personeel van ander Suid-Afrikaanse universiteite by die projek te betrek," sê Deon. "Die boodskappe kan in Engels of enige ander taal geskryf word. Mense moet weet daar is hoop in selfs die hopeloosste omstandighede. Alle lande gaan deur krisisse, en ek glo die bottel en sy inhoud sal 'n positiewe boodskap uitdra waar dit ook al gevind word. Ek dink die Hoop in 'n bottel-projek kan ook help om die aandag te vestig op die talle US-projecte wat hoop bied."

Die boodskap-in-'n-bottel idee is geensins nuut nie. Almal ken 'n storie of twee van 'n gestrande op 'n eiland wat uit desperaatheid 'n boodskap in 'n bottel die see in stuur. Dit is egter waarskynlik die eerste keer dat dit op so 'n groot skaal gebeur.

Volgens Deon hoop die organiseerders om die Fakulteit Ingenieurswese te betrek om 'n omgewingsvriendelike bottel te skep. Die logistiek van presies hoe groot die bottel moet wees om vir soveel boodskappe plek te hê moet ook nog uitgewerk word.

Die organiseerders besin nog oor presies waar en wanneer die bottel in die see gegooi sal word. In dié stadium word Kaappunt as 'lanseringspunt' oorweeg. As alles volgens plan verloop, sal die boodskappe vroeg aanstaande jaar die wêreld in gestuur word.

Een ding is seker: Dis onwaarskynlik dat jy 'n groot genoeg bottel in die naaste supermark sal raakloop.

— STEPHANIE NIEUWOUTD


Hoe ervaar jy die HOOP Projek?

Ná die bekendstellingsgeleentheid van die HOOP Projek op 21 Julie en die studentegeleentheid op 23 Julie, het ons van ons gaste genader om te hoor hoe hulle die HOOP Projek ervaar. Hier is hulle antwoorde.

FRANCOIS GROEPE, Hoof Uitvoerende Beämpte van Media24: *Ek dink dis baie positief dat die Universiteit 'n groter rol in Suid-Afrika en Afrika begin speel, veral nou, so kort ná die Wêreldbeker. Ons moet die momentum en positiwiteit ondervang en behou. Vir my is hoop om iets in 'n beter toestand te laat as waarin jy dit ontvang het deur tasbare inhoud daaraan te gee.*



ILSE CILLIERS, 'n kommunikasiesspesialis: *Dit is 'n fantastiese en ambisieuze projek, maar ek glo dat die Universiteit dit sal kan doen met die kennis tot hul beskikking. Hoop is vir my om nooit moed op te gee nie, ongeag omstandighede.*



ALBIE SACHS, former judge in the Constitutional Court: *Hope is affirmation; it is not the enemy of doubt. It embraces doubt and is unafraid of doubt. It believes that good will come of questioning everything. It is the interrogation of life with soul.*


XINA BLAAUW, a second-year BA Language and Culture student: *It is a very good project – MatieHoop and the Rector's HOPE Project. I wasn't expecting so many concrete details of how the project will work – it was great. To me, hope is believing and hoping that things can change for the better.*

HANLIE LINDE, Direkteur: Gemeenskapsdienste by Stellenbosch Munisipaliteit: *Ek dink dis amazing dat die Universiteit, wat nie bekend is vir sy waagsame stappe nie, hierdie reuse veldtog aanpak. En die munisipaliteit is ontsettend trots om die Universiteit in ons dorp te hê – die Rektor kan seker wees van ons ondersteuning.*

PATRICK PARRING, CEO of PAREQUITY: *Given that we are 16 years into our democracy and are still faced with huge challenges and given that my maiden speech as the founder of the Western Cape Business Opportunities Forum (WECBOF) was based on the idea of institutions creating hope in societies, it is inspiring to see a leading institution in South Africa and the world tackle such an extraordinary and very challenging initiative. This is obviously a very important project and having said that, I hope that the University will achieve its hopes and aims. I wish Prof Botman the best of luck with this endeavour.*



DUIMPIE BAYLY, oudmatie, Distelldirekteur, en Voorsitter van die Tegniese Komitee van die Wyn- en Spiritusraad: *Ek dink die HOOP Projek is 'n fantastiese idee om nou, veral ná die Wêreldbeker, aan te pak om ons te help om daardie momentum en gees van die Wêreldbeker lewend te hou. As 'n oudmatie is ek baie trots op die Universiteit Stellenbosch dat hulle so iets wil aanpak. Die US het die vermoë om van enigiets 'n sukses te maak en om mense te inspireer om betrokke te raak, maar natuurlik het hulle ook finansiële hulp nodig om hul doelwitte te bereik.*



JACOLETTE KLOPPERS, oudmatie en Kaapse Redakteur van BY: *Dit is vir my wonderlik dat die Universiteit die toekoms wil omarm; dat hulle bereid is om werkelik die uitdagings van die toekoms aan te pak en só te wys dat hulle ernstig is daaroor om die verlede se onreg agter te laat. Ek voel trots om 'n oudmatie te wees as dit die inisiatiewe is wat hulle aanpak. Ek wil graag hê dit moet werk.*



THINUS RAS, 'n MSc-student in Meganiese Ingenieurswese: *Dis 'n baie cool idee om so 'n bewussyn by studente te skep. Dit is baie ambisieus, maar ambisie is goed. Ek s'n.*



KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD

JAAR 18 # 5 • 29-07-2010 • YEAR 18 # 5

MONTHLY STAFF NEWSLETTER



Two princes were present when Somerset West resident Prof Steven Chown received his prize. From the left are Prof Chuck Kennicutt, Prince Albert II of Monaco, Prof Chown and Crown Prince Haakon of Norway

(John Petter Reinertsen, SAMFOTO)

Stellenbosch scientist receives top international Antarctic prize

"The world today is very much connected; how we change one area has an effect on the biodiversity in other parts of the world. We cannot afford to ignore that message," said Prof Steven Chown at the 4th International Polar Year Conference in Oslo, Norway, during his prize lecture as the first recipient of the Martha T Muse Prize. The prize, worth R750 000 (\$100 000), is supported by the Tinker Foundation and administered by the Scientific Committee on Antarctic Research. It recognises Prof Chown's outstanding work in science and on policy in Antarctica.

Prof Chown, Director of the Department of Science and Technology/National Research Foundation Centre of Excellence for Invasion Biology and professor at the Department of Botany and Zoology, is recognised as a world leader in his field of research and as a respected advisor to the Antarctic Treaty System.

According to Ms Renate Rennie, Chairperson and President of the Tinker Foundation, Prof Chown clearly exemplifies the attributes of the prize. She referred to the prize criteria which demands that a recipient is not

only excellent in science in Antarctica, but also contributes substantially towards the preservation of the area.

In his lecture, Prof Chown reminded the audience that, in the 50 years since the 3rd International Polar Year, the earth's population has increased from 2.9 billion to 6 billion people. "Changes in the global system influence the Antarctic and vice versa," he stressed, while showing the results of these impacts on Marion Island in the Sub-Antarctic, where he does much of his research.

(turn to page 9)

Welweeswebtuiste sal personeelsukses help bevorder

Vanaaf Julie sal alle personeellede van die Universiteit Stellenbosch (US) hul welwees aanlyn in die gerief van hul eie kantoor kan bestuur. Dit is danksy die nuwe, opwindende webtuiste van die US se Welweesfunksie wat toegang bied tot inligting oor verskeie welweesprogramme en -geleenthede op kampus.

Met sy inhuldiging in 2007 het die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, reeds sterk klem gelê op hoe die US die doelwitte in die dokument *'n Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna'* kon bereik. Een van daardie doelwitte was die skep van 'n personeelkorps wat visiegerig, gemotiveerd en bekwaam is. Hierdie dokument het later Visie 2010 en 2012, sowel as die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP), gerig. Die US se HOOP Projek, wat onlangs aan die publiek bekend gestel is, het sy oorsprong in die OSP, en die Welweeswebtuiste is net nóg 'n voorbeeld van hoe die HOOP Projek in die Univer-

siteitsomgewing vorm aanneem en personeelsukses aan die instansie bevorder.

Volgens me Maureen Kennedy, koördineerder van die US se Welweesfunksie in die Afdeling Menslike Hulpbronne, bevat die nuwe webtuiste inligting oor onder meer programme soos die Werknemerondersteuningsprogram, die Gesondheidsbevorderingsprogram en die MIV/Vigs-werkplekprogram, sowel as belangrike nuus oor nasionale en internasionale gedenkdae, met 'n bepaalde klem op nasionale gesondheidswessies en welweesgeleenthede by die Universiteit.

"Maatskappye besef al hoe meer dat jy nie die uitsette van 'n maatskappy van menslike hulpbronne kan skepie. Daarom word daar toenemend na die welwees van werkers omgesien. 'n Gelukkige werker is 'n produktiewe werker," verduidelik Maureen.

Die visie van die US se Welweesfunksie is om 'n goed gebalanseerde arbeidsmag te hê wat optimaal in 'n

bemagtigende, sorgsame en ondersteunende werksomgewing funksioneer.

"Natuurlik is welwees nie net die afwesigheid van siekte nie. Ons kon sentreer ook op die algehele welwees van US-personeel. Ons kyk na 'n persoon in ál sy dimensies – die liggaamlike, sosiale, finansiële én emosionele – en ons help die persoon om optimaal te funksioneer," sê Maureen.

Volgens me Gretchen Arangies, Direkteur: Menslike Hulpbronne (Bedryf), sluit die welweesfokus ook aan by die Universiteit se ontwikkelingstemas, veral wat betref die bevordering van menswaardigheid en gesondheid. Sy sê die nuwe webtuiste vir die Welweesfunksie is nie net 'n manier om deur middel van tegnologie beter met US-personeel oor hul welwees te kommunikeer nie, maar sal ook tot die verwesenliking van die US se doelwitte bydra.

■ Vir meer inligting, besoek <http://www.sun.ac.za/hr/wellness/>

HOOP Projek betree nuwe fase

Die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek is verlede week (21 Julie) aan die publiek bekendgestel. As deel van hierdie projek het die Rektor, Prof Russel Botman, die grootste fondsinsamelingsveldtog nog deur 'n universiteit in Afrika aangekondig. Die mikpunt is om oor die volgende vyf jaar 'n minimum van R1,75 miljard uit hoofsaklik filantropiese skenkings in te samel.

"Hierdie soort investering is nodig om die US se posisie as akademiese en navorsingsleier in die 21ste eeu te handhaaf en uit te bou. Daarvoor moet ons belê in ons studente, ons personeel, ons fasilitate en die tegnologie wat nodig is om ons universiteit na nog hoër hoogtes te voer in die toekoms en om ons te rat om die groot uitdagings van ons land en die kontinent met sukses die hoof te kan bied," het Prof Botman gesê.

Die geleentheid is onder meer deur verteenwoordigers van buitelandse missies, donateurs en US-weldoeners, sakelui, prominente alumni en verteenwoordigers uit die hoër onderwyssektor en die media bygewoon.

"Oor die afgelope drie jaar het ons akademiese leiers hulle beywer om 'n reeks visioenêre inisiatiewe te formuleer wat eisoortige Afrika-uitdagings aanpak. Saam met ons programme ter verbetering van personele- en studentesukses, en investering in infrastruktuur en ons fasilitate, maak hierdie inisiatiewe die hoeksteen uit van ons strategiese posisivering vir die volgende dekade," het prof Botman by die geleentheid gesê.

Deur die toepassing van wetenskap en toonaangewende tegnologie, beoog die HOOP Projek om die Universiteit se 'wetenskap-vir-die-samelewings'-benadering uit te bou deur, met behulp van wêreldklasnavorsing en interaksie, 'n tasbare verandering in gemeenskappe dwarsoor die land teeweeg te bring.

Die verskillende inisiatiewe is afgestem op vyf van die temas op die wêreldontwikkelingsagenda, naamlik die uitwissing van armoede en verwante toestande, die bevordering van menswaardigheid en gesondheid, die bevordering van demokrasie en mense-regte, die bevordering van vrede en veiligheid (wat voedselsekerheid insluit), en die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n kompetenterende industrie.

"Of dit nou inisiatiewe is soos her-nabare-energiëlevoorsiening aan die streek, voedselsekerheid in Suid-Afrika, geskilbeslegting en leierskap, of landelike gesondheidsorg en ontwikkeling, ons wil ons gewig by die land en die vasteland se dringendste behoeftes ingooi," sê prof Botman.

"Dit is noodsaklik dat Afrika-

universiteite oplossings vir ons unieke Afrika-uitdagings bedink. Met behulp van ons bewese vermoëns en ons venootskappe met ander Afrika-universiteite, hoop ons om nie net oopnuut ons plek as 'n relevante universiteit in die 21ste eeu te verseker nie, maar ook om die lewens van burgers oor die hele vasteland te verbeter."

"Vir 'n tersiêre instelling om in hierdie eeu relevant te bly, moet ons ons akademiese en navorsingskundigheid inspan en dit tot diens van die samelewning aanwend," sê prof Botman.

"Die HOOP Projek se inisiatiewe is hoegenaamd nie die enigste manier waarop ons ons gemeenskap sal dien nie – die HOOP Projek beoog die insluiting van ál ons onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Dit verteenwoordig 'n nuwe benadering wat aansluit by die ongeloflike werk wat reeds oor ons hele instelling heen verrig is. Voorts is die HOOP Projek-veldtog 'n manier waarop ons nog méér talent vir ons Universiteit kan werf namate ons voortdurend ons personeel- en studentekohort transformeer en aan almal gelyke geleenthede en toegang gee."

Dit is noodsaklik dat Afrika-universiteite oplossings vir ons unieke Afrika-uitdagings bedink.

– Prof Russel Botman

Die US het die afgelope drie jaar in die stilte fase van die HOOP Projek reeds bykans R500 miljoen se filantropiese skenkings ontvang. Meer as 4 500 skenkers het die US ondersteun sedert April 2007, toe die visie van die US as bouer van hoop in Afrika gestalte gekry het.

Donateurs sluit in voorste sakelui en stigtings wat groot bedrae bewillig het, maar ook individue – hetsy alumni of ander vriende van die US – wat gereeld kleiner bedrae skenk om byvoorbeeld behoeftige studente by te staan.

■ Lees ook op bladsy 3 oor die ongeloflike spanwerk wat daartoe gelei het dat die openbare bekendstelling van die HOOP Projek so 'n reuse sukses was.

Op die Web / On the Web: <http://www.sun.ac.za/kampusnuus>



RESEARCH

Theology tackles impact of globalisation on society



MENSE

Plaasarbeider se seun nou plaasbestuurder



KNOWLEDGE

Liebenberg talks about socio-economic rights in new book



MILITARY

Dean visits military counterparts in China



SPORT

Charl Bouwer sets new world record

VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR / FROM THE EDITOR'S DESK



One of the earliest lessons I learned is that change will happen whether we initiate it ourselves or fight to resist it. I've therefore always understood change as an opportunity to transform not only yourself or your relationships, but to change the way in which you deal with situations, to start that project you've been postponing, to close the door on a situation that no longer makes you happy and to open your heart to the uncertainty of other options or paths. Change, for me, is not about loss alone, but about being reshaped into a different, hopefully wiser, human being.

This month was one of those months of change. This is my last editorial as editor of *Kampusnuus* as I am leaving the Communication and Liaison division for a new environment on campus. It's an exciting journey that will present unique challenges, but also opportunities for growth in my career and as a person. Although I look forward to making a contribution to the University on a different platform as of August, I will miss the people that I have worked with in this division and am thankful for the opportunities for growth I was given here.

Before I tell you more about the jam-packed edition for this month, I would like to thank a few people who have helped *Kampusnuus* go from strength to strength over the last four and a half years. To my managers, Susan van der Merwe and Mohamed Shaikh: You foresaw what I was capable of doing before I could even envision it. Thank you for having faith in me. I hope this newspaper is now closer to the product that you have imagined it can be. To all my colleagues in the division, in particular Liezl Scholtz and Martin Viljoen: Thank you for your feedback, constructive criticism, willingness to write a story for *Kampusnuus* when you had your own deadlines, and the jokes cracked to relieve the pressure we often work under. Thank you to the Language Centre and their team, in particular Marguerite van der Waal and Alta van Rensburg, who are responsible for the second round of editing and often help with translations. You have been my second pair of eyes during the editing process and your professionalism is what has made *Kampusnuus* such an excellent product. To the photographers Hennie Rudman and Anton Jordaan, who were always available, even when called in on short notice, to take photographs for the *Kampusnuus*. This newspaper would have been a dull product had it not been for the colour you added through your work. And thank you for the added humour with which you fulfilled your role. To Heloise Davis, the designer of *Kampusnuus*, who became a friend and a mentor: Your creativity, perfectionism, enthusiasm and willingness to work long hours to deliver an excellent product kept me inspired on days when my own creativity was sapped dry.

I also want to thank all the contributors (in particular Engela Duvenage, Priscilla Booyens, Liesel Koch, Mandi Barnard and her team and Julie Streicher and her team) to *Kampusnuus* who, through their articles, criticism and compliments helped shaped the newspaper into what it is today. Thanks to our readers whose valuable input ensure that we reflect the University as a whole and to Shumani Printers who always delivers an excellent product under very tight deadlines at times. Lastly, I thank my husband, Eldridge – my sounding board, biggest supporter and most constructive critic. Thank you for being understanding on those nights when the

Kampusnuus deadline was looming and there was no time for anything else.

Not only the *Kampusnuus* editorship is changing; the University itself is also undergoing a transformation. Mahatma Gandhi said "You must be the change you want to see in the world" and Stellenbosch University (SU) is doing exactly this through its HOPE Project (read more in the *Kampusnuus* special edition wrap).

On page 1 you can read about Prof Steven Chown, the first recipient of the Martha T Muse Prize. Our usual opinion piece appears on page 2 and discusses, amongst others, how different cultures view community interaction, be it in a complex or simplistic manner.

The USB Executive Development (USB-ED) recently established a new unit for project management. Read all about this on page 3. We also honour Prof Andries van der Walt, a Computer Science lecturer, who passed away in 2008. Read about the medal that was named after him and awarded to its first recipient recently.

On page 4 we look at how the Faculty of Theology has imagined a different world through embarking on a research project on the impact of globalisation on humanity with partners in both South Africa and Germany. The first copy of their report was handed over to one of South Africa's anti-apartheid and human rights activists, Archbishop Emeritus Desmond Tutu. We also talk to Prof Julie Claassens, who will head up the Faculty's HOPE initiative on human dignity.

On page 5 you will see how the University is creating hope in society via its students, who are building homes with Habitat for Humanity South Africa. On page 6, Willem van Kerwel, the new farm manager at Welgevallen Experimental Farm, tells us how the son of a farm worker became the manager of that same farm.

The World Cup might have come and gone, but SU is investing its time in initiatives that have a long-term impact and that offer hope for generations to come. The Lentelus Soccer Centre is one of these initiatives. Read more about it on page 7. On the same page you can also read about Prof Sandy Liebenberg from the Faculty of Law and her new book on socio-economic rights.

We talked to the Dean of the Military Academy, Prof Edna van Harte, about her recent trip to China (page 8). We also tell you more about the language development and assessment centre established by four multilingual universities in South Africa (page 9) and about the entrepreneurial development programmes at Maties Community Service that are changing people's lives (page 10). We also talked to the people who work behind the scenes and who have a direct impact on the research excellence of this University (page 12).

This edition is not only about the changes that our University is undergoing, but about the hope it is creating in tangible ways on campus and in society through its teaching and learning, research and community interaction initiatives. We may sound arrogant in presuming that we can change the world, but if I look at the interesting stories that make it into each edition of *Kampusnuus* (and even those that do not), I believe we might just do that.

lynne

Community interaction: complex or simple?



It is interesting to observe that South African scholars study the topic of community interaction through Western eyes and use writings predominantly from North American scholars. Most authors are aware of something that they call the "South African context" and focus on the two worlds represented in South Africa: the African, on the one hand, and the Western (Anglo-Saxon), on the other.

Interestingly enough, the numerous other world cultures – Arab, Latin, Indian, Asian, Scandinavian, Slavic and so on – are rarely mentioned or compared, even though these all have old traditions in both culture and schooling. And, together, they cover the vast majority of the global population. Western society in general and American society in particular can be considered young and inexperienced by comparison.

Many of the statements about the obligations of academia towards society and the responsibility of super-privileged people towards sub-privileged people seem to be laden with morals. It is also often led by a dogmatic view of the world, where particular notions are

considered to be universal ideals (such as modern democracy, individualism and capitalism), while the true differences that exist between different peoples in terms of language, culture, traditions and religion are ignored.

The proposed ideas therefore seem to start halfway, not touching on fundamental questions, such as "What is community engagement?", "Why is it required?", "Is this not trivial for a university?", "If it isn't trivial for South African universities, why is that?", "Why take Western and North American universities as examples?", "Why should (modern) democracy (individualist capitalism) be the ideal form of government?", "What is the South African context and how does it compare with that of the United States of America?" and "How does it relate to the rest of the world?"

South African society in general and universities in particular centre on an obsessive assessment structure: If an activity is not assessed, it is considered useless. Community interaction is not rigorously evaluated (yet), hence it is disregarded by most. Only the rare morally driven individual invests in it. This mentality can and should be changed in the following manner:

- People should be rewarded for "free thinking" (Erich Fromm, 1939).
- People should be rewarded for actions that benefit the collective. This will create an environment where the individual forms an integral part of the collective and both benefit. Duty towards the collective changes into loyalty and creates a natural and healthy symbiosis. But such an environment requires a structure and mechanisms that can be put in place only by management, in our specific case, that of Stellenbosch University.

In Western society, individualism and greed have become the norm. This is unnatural and sickens people and societies. Without a change in that structure, none of these problems can be solved. The name of that structure is (modern) democracy and it is not an example to be followed. A South African university should become a truly "South African" university and not because this is "good" but because this is "right". The responsibility to change rests on all of us, but the responsibility to enable that change rests with management.

– DANIEL MIKE^S
Senior Lecturer Sedimentology
Department Earth Sciences

Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, brieve en Kampusklets oppie Rooiplein! is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

US-kundigheid help omliggende skole

Beste Rektor en personele van die Universiteit Stellenbosch

Dit is vir ons 'n groot voorreg om die Universiteit Stellenbosch (US) as een van ons opvoeder- en leerderontwikkelaars by St Idas RK Primér te kan hê.

Ons opregte dank vir al die projekte wat by ons skool plaasvind. Ons het groot waardering vir die *Smile*-, *Climbb*-, *Celemus*- en *Blended*-leesprojekte. Hartlike dank aan die volgende personele vir al hul bydraes tot die

verbetering van akademiese standaarde:

- Raffie van Wyk wat ten nouste saam met ons personeel op Wiskundegebied werk en seker maak dat ons al die nodige bronse tot ons beskikking het – ons opregte dank, ook vir al die toerusting wat sy vir ons aanry.
- Andrew Fair wat seker maak dat ons leerders die beste ervaring in Wetenskap kry. Deur sy toedoen het besoekende professore van die US, sowel as die MTN Science Centre met hul professore en assistente, ons skool besoek. Ons stel dit hoog op prys.
- Tessa Arendse en Marie Spangenberg vir hul puik bydrae tot lees, en vir hul

ondersteuning van lees in die klaskamer. ■ Annatjie Hanekom vir haar uitmuntende bydrae wat betrek leesspesialiste en lees in die algemeen.

- Levenia Pretorius en haar span van *Blended*, wat al hul produkte aan ons kom bekend stel het en seker gemaak het dat alle opvoeders opleiding kry.
- Laaste, maar nie die minste nie, die Fakulteit Opvoedkunde, *Celemus*, Trevor van Louw, Edward Smuts en Denise Pietersen vir al hul leiding op leiers- en bestuursgebied in die Opvoedkunde. Ons waardeer dit opreg. 'n Spesiale woord van dank aan Denise Pietersen, ons mentor wat baie nou met ons saamwerk.

Elkeen se bydrae, hoe gering ook al, word hoog op prys gestel. Dankie dat julle St Idas RK Primér genader het om van ons 'n uitmuntende skool te maak.

Vir my is dit 'n droom wat waar geword het dat die US met hul kundigheid omliggende skole se opvoeders ontwikkel, en ons bystaan met ons uitdagende en enorme taak om die beste gehalte opvoeding aan elke kind te gee.

Hiervoor salueer ons julle.
Vriendelike groete

– Me GM Rippenaar
Prinsipaal en personeel lid van St Idas RK Primér

Send your letter to the Editor: *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or fax to 021 808 3800 or deliver to Admin B building not later than the 10th of each month. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/e-mail address (not for publication) is supplied to the editor.

Biobrandstofkundiges stig nuwe maatskappy

Twee Matie-professors is onder die stigerslede aan die spits van Stellenbosch Biomass Technologies (SBMT), 'n nuwe biobrandstoftegnologiemaatskappy wat oor die vermoë en kundigheid beskik om volhoubare energie-opsies in Suider-Afrika 'n aansienlike hupstoot te gee.

Prof Emile van Zyl, bekleer van SANERI (die Suid-Afrikaanse Nasionale Energienavorsingsinstituut) se leerstoel in Energienavorsing: Biobrandstowwe en Ander Alternatiewe Skoon Brandstowwe in die Departement Mikrobiologie, en prof Johann Görgens van die Departement Prosesingenieurswese, is albei nie-uitvoerende direkteure van dié maatskappy, wat deur die voormalige Mondi-werknemer Casper Nice as Uitvoerende Direkteur bestuur word.

Die Universiteit Stellenbosch (US), wat deur sy tegnologieoordragmaatskappy, InnovUS, 'n aandeelhouer in

die maatskappy sal wees, is ook SBMT se navorsingsvennoot vir verdere tegnologieverbeterings.

Volgens meAnita Nel, Direkteur van InnovUS, is die Universiteit trots daarop dat sy navorsers al hoe meer ondernemerskap aan die dag lê en geleenthede skep om hul tegnologie te bemark. "Dit is opwindend vir InnovUS om betrokke te wees by 'n maatskappy wat onder andere topgehalte navorsingsuitsette uit eie geledere saam met 'n wêreldleier op die gebied sal kommersialiseer."

SBMT beskik oor die regte om die jongste verwerkstegnologie wat deur die Amerikaanse maatskappy Mascoma Technologies ontwikkel is, te kommersialiseer en vir Suider-Afrikaanse toestande en plant-materiale aan te pas.

Wat innovasie en prestasie betref, word Mascoma as een van die voorste tien maatskappye in die wêreldwyse bio-energiesektor beskou. Die maat-

skappy is verbind tot die ontwikkeling van omgewingsvolhoubare laekool-stofbiobrandstowwe teen lae koste. Hul gekonsolideerde bioverwerkingsmetode verwerk nievoedselbiomassavoerstowwe tot sellulose-etanol deur middel van

Die Universiteit is trots daarop dat sy navorsers al hoe meer ondernemerskap aan die dag lê en geleenthede skep om hul tegnologie te bemark.

— Me Anita Nel, Direkteur van InnovUS

'n gepatenteerde proses wat die behoeftie aan duur ensieme en bymiddels uitskakel.

"Dit is gepas dat hierdie tegnologie nou ook plaaslik deur SBMT beskik-

baar gestel word," sê prof Van Zyl, in wie se laboratorium navorsing oor geskikte giste vir die Mascoma-tegnologie oor die afgelope dekade ontwikkel is. Dit is gedoen saam met Mascoma-stigerslid prof Lee Lynd van Dartmouth-kollege, wat ook 'n buitengewone professor in die US se Departement Mikrobiologie is.

Sellulose-etanol is 'n voorloper in die produksie van tweedegenerasie-biobrandstowwe uit lignoselluläre plantmateriaalbronne, onder meer hout en landboureste soos suikerrietbagasse, wat nie hoofvoedselproduksie in gevaar stel nie.

SBMT verskaf hoogs doeltreffende verwerkstegnologie teen lae koste, wat aansienlike besparings in kapitaal en bedryfskoste in die produksie van sellulose-etanol kan meebring.

Binne die volgende twee jaar, sodra die nodige beleggings bekomen is, hoop die maatskappy om met hul eerste demonstrasiegrootte aanleg te begin

om die volle omvang van die kommersiële lewensvatbaarheid van die onderneming te toon. Die grootte van die demonstrasieaanlegte sal deur die beskikbare grondstowwe en financiering bepaal word. Kommersiële aanlegte kan na raming 40 tot 150 miljoen liter etanol per jaar produseer.

"Deur brandstof met behulp van hierdie tegnologie te produseer, kan ons kweekhuisgasse help verminder en Suider-Afrika in die rigting van 'n groener ekonomie stuur," meen prof Van Zyl. "Afrika het volhoubare en omgewingsveilige opsies nodig wat nie ons voedselproduksie of natuurlike plantegroei bedreig nie."

Nie net wil die maatskappy etanol op groot skaal kommersieel vervaardig nie, maar beoog ook om deur middel van die biobrandstofbedryf vaardighede te ontwikkel, menslike hulpbronvermoë uit te bou en met die gemeenskap te skakel.

— ENGELA DUVENAGE

USB-ED establishes new unit for project management

USB Executive Development (USB-ED), the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School (USB), has further extended its activities with the establishment of the Centre for Project Management Intelligence.

The new centre follows the pioneering work done by Prof Chris Brown, a well-known academic in project management, who introduced the discipline to USB with 20 students in 1992. Since then, about 9 000 students, at different levels, have received tuition in project management at the business school.

Executive head of the centre, Mr MC Botha, said that project management at USB-ED is now combined into a unit to provide room for training, supplemented by elements of research and consultancy services, to companies and the public sector.

"Our approach at the Centre for Project Management Intelligence is that first-class project management principles, together with other elements of management, provide for a successful recipe for service delivery."

The centre will be supported by an advisory committee consisting of academics as well as specialists from the private and public sectors. Sasol Technology will also play an important part in the activities of the centre.

"Project management cannot be study-guide driven only. Project managers are, after all, confronted by quick-changing realities in the work-

place. It is therefore fundamentally about creating synergies between academic training and the workplace. This is why the relationship with Sasol Technology is so important to us," Mr Botha said.

The 2010 FIFA World Cup South Africa has placed a new focus on project management in South Africa, with the spotlight being shone on country's ability to host the event. The World Cup projects were completed during a period of economic hardships, accentuating the country's achievement.

While South Africa has managed to



The Centre for Project Management Intelligence at USB-ED was officially opened on the 29th of May. At the opening were Mr Willem Louw, a guest speaker from Sasol, Mr MC Botha, Head of Centre, Prof Chris Brown, a lecturer at USB and Mr Frik Landman, CEO of USB-ED

deliver on the stadiums for the World Cup, there is still the thorny and politically sensitive issue of service delivery to different communities. The public sector is currently less than successful with service delivery,

specifically because project management principles are not adhered to. "Project management should be high on the agenda if South Africa is to be successful at local level," Mr Botha said.

Bekendstelling van HOOP Projek groot sukses danksy goeie spanwerk

Die suksesvolle bekendstelling van die Universiteit Stellenbosch (US) se HOOP Projek die laaste twee weke in Julie was 'n spannende gebeurtenis wat dié instelling nog nie die afgelope 10 jaar beleef het nie, en 'n klinkklare bewys van wat bereik kan word deur sinergie en samewerking.

Die strategiese proses het ongeveer drie jaar gelede afgeskop met die ontwikkeling van die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) en die voorleggings deur fakulteite vir projekbefondsing. Daar is oorspronklik 21 'OSP-projekte' goedgekeur. Intussen het daar addisionele projekte bygekom en is daar baie werk agter die skerm geskoof om befondsingsmoontlikhede en befondsingsbronnte ondersoek; bemarkingsmateriaal te produseer en die kampus voor te berei op die bekendstelling van die veldtog.

Vir elk van die 'OSP-projekte' – nou akademiese inisiatiewe genoem – het die Ontwikkelingspersoneel 'n behoeftebepaling vir befondsing opgestel, en ook vir ander fasette van die OSP soos om studentesukses en personeelsukses te verseker, en vir die ontwikkeling van die fasilitate en infrastrukturue op die Universiteit se kampusse. Terselfdertyd het die joernaliste van die afdeling Kommunikasie en Skakeling met projekleiers geskakel om inligting en foto's bymekaar te maak vir die nuwe webblad, die bemarkingsbrosjyre en die mediavrystellings, terwyl die skakel-afdeling voorbereidings begin tref het

vir die verskillende bekendstellingsgeleenthede.

"Hoewel die Universiteitsontwikkelingspan wat ontstaan het uit die samesmelting van die Stellenbosch Stigting en die afdeling Kommunikasie en Skakeling, onder leiding van prof Tobie de Coning, Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne, grootliks die HOOP veldtog gekoördineer en bestuur het, het talle ander afdelings 'n groot rol gespeel in die sukses van die bekendstelling," sê mnr Mohamed Shaikh, Senior Directeur: Kommunikasie en Skakeling. "Buite die personeel in fakulteite,veral die projekleiers, het personeel van Fasiliteitsbestuur, Aankope, USBD, die Taalsentrum, Informasieteknologie (IT) en die Konservatorium ons personeel werklik ondersteun."

Die bekendstelling van die US se HOOP Projek het uit 'n magdom verskillende elemente bestaan. Aan die enkant was die Ontwikkelingspan besig met voorbereiding vir die fondswervingsveldtog, onder meer om potensiële donateurs te identifiseer en met hulle in gesprek te begin tree, oorsese filantropiese stigtings te besoek en befondsingsvoorstelle op te stel.

Die Kommunikasiespan was betrokke by die formulering van 'n gesamentlike leksikon om eenvormige kommunikasie te verseker, ongeag die medium wat gebruik word; die ontwikkeling van 'n identiteit vir die veldtog in

samarswerking met Ogilvy, 'n agentskap wat vir dié doel aangestel is; die skryf en vertaling van bemarkingsmateriaal, kopie vir die web en mediaberigte; die produksie van 'n kort bekendstellingsvideo, uitstal- en promosiemateriaal; en die reëlings vir elke geleenthed. In die week voor die bekendstelling is verskillende mediakantore in die Kaap besoek as deel van die kommunikasieveldtog.

Die e-kommunikasiespan het die onderbou van die nuwe webblad, in samewerking met die afdeling Informasieteknologie, beplan en gekoördineer en moes ook verseker dat die inligting betyds opgelaai word. Die webblad – www.diehoopprojek.co.za – is die US se eerste om op die Microsoft-inhoudbesturzel, Microsoft SharePoint 2010 (MOSS), gebou te word. Om aan die Ontwikkelingspan se behoeftte vir eenvoudige aanlynskenkings voorseening te maak, is daar met die plaslike organisasie GivenGain saamgewerk om elektroniese skenkings vir die HOOP Projek moontlik te maak.

Die e-span het ook deur 'n direkte web-uitsending (live streaming) op die US se nuusblog, Flickr, Facebook, Twitter, en YouTube die HOOP Projek aan die kampus en buitewereld gehelp bekendstel. Saam met die mediakantoor het die e-span deur middel van uitstekende sinergie verseker dat die nuus oor die HOOP Projek op elektroniese platforms en deur die tradisionele media versprei word.

Medalje ingestel ter nagedagtenis aan Rekenaarwetenskapdosent



Mev Nettie van der Walt, weduwe van prof Andries van der Walt, was teenwoordig toe die eerste Van der Walt-medalje aan Rekenaarwetenskapstudent Niel de Wet oorhandig is
(McElroy Hoffman)

Rekenaarwetenskapstudent Niel de Wet is die eerste ontvanger van die nuut ingestelde Van der Walt-medalje, waarmee die beste voorgraadse student in Rekenaarwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch (US) vereer word.

Die medalje is ingestel ter nagedagtenis aan prof Andries van der Walt, 'n geliefde jarelange dosent in Rekenaarwetenskap, wat in 2008 oorlede is.

Sy weduwee, Nettie, was saam met ander lede van sy gesin teenwoordig by die eerste oorhandiging van die medalje.

Niel het ook 'n R5 000-prys van die maatskappy SI ontvang.

Tydens die geleenthed is twee ander toekenning ook gemaak. Gideon Redelinghuis het die IBM-prys ter waarde van R5 000 gewen vir die beste BSc(Hons)-projek in 2009. Morné Chamberlain, wat verlede jaar sy MSc-graad in Rekenaarwetenskap verwerf het, het 'n US-medalje ontvang as die beste meestersgraadstudent in die Fakulteit Natuurwetenskappe in 2009.

— ENGELA DUVENAGE

Oudmatie aan stuur van Teologie se HOOP-inisiatief

Prof Julie Claassens, 'n oudmatie en Medeprofessor in die Departement Ou en Nuwe Testament, het jare lank in Amerika gewerk, maar is nou terug by haar alma mater om haar akademiese ondervinding en passie vir teologie met die studente en personeel in die Fakulteit Teologie te deel. Sy sal op die breë tema van menswaardigheid konsentreer, en is ook sedert Junie verantwoordelik vir die Fakulteit se HOOP-inisiatief, *Klem op die bevordering van menswaardigheid* – een van 22 akademiese inisiatiewe wat die Universiteit Stellenbosch (US) van stapel gestuur het.

“My aanstelling by die Fakulteit spruit direk voort uit die finansiering wat deur die HOOP Projek beskikbaar gestel is om die Fakulteit se klem op menswaardigheid te bevorder. Ek sal voortaan verantwoordelik wees om die Fakulteit se interdissiplinêre navorsing oor menswaardigheid te koördineer en te stimuleer, en saam te dink oor hoe ons hierdie inisiatief kan uitbou en ook beter by ons onderrig en gemeenskapsinteraksie kan integreer,” verduidelik sy.

“Navorsing oor menswaardigheid word reeds op vele gebiede hier by die Kweekskool ondernem. Onderwerpe soos armoede, geweld en rassisme, wat ten diepste met menswaardigheid verband hou, word onder meer by sentra soos die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie en die Eenheid vir Godsdienst- en Ontwikkelingsnavorsing ondersoek. Dit is teologie wat juis gestalte kry daar waar mense swaarkry – 'n teologie wat daarna streef om hoop te bring in situasies van wanhoop.”

Julie se onderrig en navorsing konsentreer onder ander op feministiese, literêre en post-koloniale vertolkings van die Bybel, Bybelse teologie, metafoor en Godstaal, en die samehang tussen die Bybel, teologie en etiek.

In haar onderrig probeer sy altyd haar studente vir die realiteit van die wêreld voorberei.

“In die jare wat ek in Amerika klas gegee het, was dit vir my belangrik om by my studente 'n bewussyn oor die globale konteks van die Bybel te kweek. Die Bybel is 'n kragtige boek en kan,

na gelang van hoe dit gebruik word, 'n positiewe óf negatiewe uitwerking op mense hê. Kyk byvoorbeeld na hoe die Bybel gebruik is om apartheid te regverdig, om vroue te onderdruk, en om slawerny in Amerika goed te praat,” verduidelik Julie.

“Ek probeer dus in my klasse om my studentekrities bewus te maak van hoe die Bybel deur diegene in magsposisies misbruik is. Aan die ander kant kan die Bybel ook deur middel van verbeeldingstryke, ingeligte vertolkings 'n positiewe uitwerking in die wêreld hê.”

Haar belangstelling in feminism is aangeskommel toe sy teologie aan die US studeer het. “Ek het by die US begin studeer in dieselfde jaar wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk vroue as predikante in die kerk toegelaat het. In daardie jare was daar maar 'n handjie vol vrouestudente in Teologie – ek was byvoorbeeld die enigste vrou wat in my jaargroep gegradeer het. Ons het ook nie vrouedosente gehad nie. Die eerste keer wat ek 'n vrou as dosent gehad het, was toe ek vir my doktorsgraad aan die Princeton-kweekskool in Princeton, New Jersey, begin studeer het. Tog het my feministiese bewussyn ontwikkel danksy die mansdosente wat my aangemoedig het om verder te studeer sowel as die ondersteuning van ander vrouestudente om ons uitdagings saam te probeer verstaan en kreatief te hanter.”

“Vandag is dit wonderlik om by die Kweekskool vir 'n groot aantal vrouestudente te kan klas gee, om senior vrouekollegas te hê, en om

tot onlangs selfs ook 'n vrouedekaan aan die stuur van die Fakulteit Teologie te kon hê.”

Julie reken dat daar “natuurlik nog baie stryd gestry moet word” oor geslagsgelykheid in die kerk en in die samelewings, veral as 'n mens die geweld teen vroue in gemeenskappe oor die wêreld heen in ag neem. Sy konsentreer dus baie op geslagsgelykheid in haar eie onderrig en navorsing, onder ander deur haar kursus oor geslag, kultuur en die Skrif waarmee sy Teologiestudente sensitiever maak vir geslagsgelykheid.

Sy werk tans aan heelparty aanbiedings oor menswaardigheid. Een daarvan is bedoel vir die konferensie oor menswaardigheid wat die US se Fakulteit Teologie in Oktober saam met die Nederlandse Universiteit van Kampen sal aangebied, en handel oor die wyse waarop die boek *Klaagliedere* sowel as JM Coetzee se *Disgrace* geweld teen vroue as 'n metafoor vir die ondergang van die land gebruik. Dié aanbieding, *A True Disgrace? The Representation of Violence against Women in the Book of Lamentations as well as in JM Coetzee's Novel Disgrace*, bevrageet of vroue nie net weer gebruik en verder geobjektiveer word wanneer die sensitiewe saak van verkragting en geweld teen vroue gebruik word om 'n teologiese of politieke boodskap oor te dra nie. “Dit is belangrik dat ons nie



Prof Julie Claassens is onlangs as medeprofessor in die Departement Ou en Nuwe Testament aangestel

(Anton Jordaan, SSFD)

die werklike stories van vroue wat verkrug word, ignoreer nie, maar miskien verleen hierdie klem op vroue, seksuele teistering en verkragting huis promiensie aan geweld teen vroue,” meen Julie.

Dreaming a different world for humanity

The Faculty of Theology has managed to dream a different world through its involvement in a three-year project focusing on the impact of globalisation on society. The final report on the project, which was hosted by the Faculty's Beyers Naudé Centre for Public Theology, was recently handed to former Anglican Archbishop Desmond Tutu by Dr Allan Boesak.

The *Dreaming A Different World: Globalisation and Justice for Humanity and the Earth – The Challenge of the Accra Confession for the Churches* report is the result of a globalisation project that was started by Prof Thias Kgalag, moderator of the Uniting Reformed Church in Southern Africa, and Dr Johann Weusmann, Vice-President of the Evangelical Reformed Church in Germany.

“I'm very deeply moved to discover that, as we look at God's world, the faith community is still engaged, especially because God's world is still very much a world of inequalities and inequities. If we think of climate change alone, the ones who are most responsible for the devastating changes that are happening to our planet are the ones who are least vulnerable. The price is being paid by the poor and the weak, who are directly affected by floods and droughts,” said Archbishop Tutu.

“In a time of crisis, such voices as the ones that are contained in this report will come out more strongly. The current financial crisis is not only about a financial crisis but also about a moral crisis.”

Archbishop Tutu said that the faith community was an ideal choice to draw attention to the theological immorality of the effects of globali-

sation on the most vulnerable and marginalised in society, as this was also the space in which the fight against apartheid was rooted.

“When people get to know, as they did in the struggle, that the situation we find ourselves in right now is not purely political but a case of what is fundamentally wrong being expressed through political and economic spaces, you will find more and more people trying to understand what God's world is meant to be like and how its citizens are meant to live. We cannot have systems that encourage over-competitiveness, which is a feature of capitalism, and be surprised when we find ourselves in a situation of economic collapse. This is fundamentally about a spiritual crisis in the world,” said Archbishop Tutu.

According to Dr Boesak, who was appointed Professor Extraordinary in Systematic Theology in the Faculty of Theology at Stellenbosch University (SU) in 2007 and who is also responsible for the research programme on globalisation and economic justice at the Beyers Naudé Centre, the first copy of the report was handed to Archbishop Tutu because he is considered a “champion of the poor and those who are marginalised”.

The report focuses on, amongst other things, the churches' response to the challenge of globalism; empires; imperial power and its consequences; consumerism; justice and ecology; the global food crisis; globalisation and gender; and globalisation and militarism.

The report was also recently accepted by the World Communion of Reformed Churches, which represents 200 churches in 107 countries across the world.



Dr Allan Boesak (front, left) handed over a copy of the *Dreaming A Different World* report to former Anglican Archbishop Desmond Tutu (front row, middle). Also attending the event were Dr Johann Weusmann (front, right), Prof Nico Koopman (back, left) and Prof Thias Kgalag

(Hennie Rudman, SSFD)

The recommendations contained in the report will now be implemented in the church environment.

Two task teams were appointed in both South Africa and Germany to drive the research for the globalisation project. Dr Boesak served as coordinator of the South African globalisation task team, while Dr Weusmann was coordinator of the German task team. The report is a response to the Accra Confession of 2004, which is based on the theological conviction that Christians are required, as a matter of faith, to respond to the economic and ecological injustices

of today's global economy.

According to Prof Nico Koopman, Dean of the Faculty of Theology and Director of the Beyers Naudé Centre, the report is a “shining example” of how the University is realising its development goals, which are centred on people, communities, the environment and industry. The project, said Prof Koopman, was both inter- and transdisciplinary and offered the University the opportunity to “serve as a knowledge partner for faith communities on a global level”.

“This report will have an impact on

public thinking and public policy in all spheres of life, on both local and global levels,” he said.

“The project itself envisions and acknowledges the dignity of people across the world and realises that inhumane systems like the ideology of globalism can dehumanise people and make them doubt whether they are truly a child of God. At Stellenbosch, our entire focus is centred on how science can be used to benefit society and on the idea that we can make a contribution to changing the world through science. With this report, we can make a real difference.”



Mati student Anika Venter gee 'n baksteen aan vir een van haar medewerkers



Die Maties studente geniet 'n blaaskans met ander gemeenskapvrywilligers

(Michelle Petersen)

Maties help broodnodige huise in Mfuleni bou

Die dag 11 Junie was nie net 'n grote vir Suid-Afrika en die res van die wêreld met die afskop van die FIFA Wêreldbeker nie. Vir Rose Kedama (37) van Mfuleni was dit een van die gelukkigste dae van haar lewe, want die langverwagte huis wat studente van die Universiteit Stellenbosch (US) en Habitat for Humanity South Africa vir haar gebou het, was kant en klaar.

Rose en haar kinders is een van 11 gelukkige gesinne wat die trots eienaars van 'n splinternuwe huis geword het danksy Habitat for Humanity South Africa se Nasionale Jeugbouweek, waaraan sowat 50 Maties deelgeneem het.

Die Maties, in samewerking met

studente van die Universiteit Kaapstad (UK), het in Junie vier van die huise gebou, waarvan die Universiteit een gefinansier het. Die ander sewe huise is deur kerkgroepe en hoëskoolleerders gebou.

Habitat for Humanity South Africa is in 1976 gestig, en het sedertdien duisende lae-inkomstegesinne van huise voorsien. Kerke, gemeenskapsgroepes en ander vrywilligers het in tussen by hulle aangesluit om die nimmereindigende behuisingsuitdaging die hoof te bied.

Rose, wat tot nou toe saam met haar twee kinders in 'n plakkershut gewoon het, sê: "My en my kinders se harte was so bly toe die huis klaar was. Ons bly nou al 'n maand in die huis en

dit is baie lekker, veral in die winter."

Sy is vol lof vir die studente wat by die projek betrokke was: "Hulle is baie vriendelik en hardwerkend. Ek waardeer dat hulle in hul vakansie gekom het om my te help bou aan my huis. Ander mense kan by hulle leer."

Pieter Botha, 'n derdejaarstudent in Biodiversiteit en Ekologie, sê dit is die tweede jaar wat hy aan die week lange bouery deelneem. "Dit is baie harde werk, maar dit is alles die moeite werd as 'n mens ná die week sien dat jy gehelp het om iets tot stand te bring wat iemand se lewe wesentlik verander."

Gedurende die week het die studente, leerders van die Hoëskool

Mfuleni, en die voorname eienaars sy aan sy gewerk om die huise klaar te bou. Middagtes is by die skool bedien, waar almal saam ontspan het voordat die harde werk hervat is. Bekwame bouers het voortdurend seker gemaak dat alles goed verloopt en die huise volgens bouregulasies gebou word.

Die mense wat huise ontvang, moet Suid-Afrikaners wees, die grond besit waarop die huis gebou word, behoefig wees, en ook self minstens 60 uur aan huise vir ander mense gebou het. Boonop word die voorname eienaars geleer hoe om begrotings op te stel en vir hul toekoms voorsiening te maak.

Yolande Hendler, Voorsitter van

die US se Habitat for Humanity-vereniging, sê: "Hierdeur kry mense nie net huise nie, maar word hulle bemagtig om na hulself om te sien."

Die studente van die UK en sommige Maties is in koshuise op Stellenbosch gehuisves sodat hulle mekaar beter kan leer ken en verhoudings kan bou.

Volgens hul webblad, het Habitat for Humanity sedert sy stigting meer as 300 000 huise gebou en sodoende meer as 1,5 miljoen mense in 3 000 gemeenskappe wêreldwyd 'n dak oor die kop gegee. In Mfuleni alleen is daar sedert 2007 meer as 300 huise gebou.

— SONIKA LAMPRECHT

Gesondheidswetenskappe spog met nuutste navorsing

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se gewilde Akademiese Jaardag word vanjaar op 11 en 12 Augustus aangebied. Dit beloof om 'n stimulerende program te wees en sal dien as 'n toonvenster vir die jongste navorsing deur studente en navorsers in gesondheidswetenskappe en verwante navorsingsvelde.

Die Tygerberg Akademiese kampus is die tuiste van ongeveer 2 500 voor-en nagraadse mediese studente, 700 mediese dokters waarvan 150 spesialiste is, sowel as heelwat lede van die aanvullende gesondheidsberoeps. Die kampus en Tygerberg Hospitaalkompleks saam het 'n gekombineerde personeelkorps van om en by 7 000, en versorg daagliks dieselfde aantal pasiënte. Die Akademiese Jaardag het toenemende blootstelling in die plaaslike media wat 'n belangrike rol speel om openbare bewustheid en deelname aan te wakker.

Die program vir die Akademiese Jaardag is soos volg:

Woensdag 11 Augustus

- Verskeie parallelle sessies van verskillende belangsgroepes, in aparte lesinglokale in die Fakulteit.
- Die beste voordrag en plakkaat by elkeen van hierdie sessies word aan die einde van die betrokke sessie aangewys. 'n Kort geleenthed sal die volgende dag gehou word waartydens die algemene prys-

wenners van die vorige dag se parallelle sessies aangekondig en aan die gehoor voorgestel sal word.

Donderdag 12 Augustus

- Die gebruiklike spieuspuntlesings (met inbegrip van die AJ Brink-spieuspuntlesing) deur kundiges uit die verskillende belangsgroepes, sal gelewer word.
- Aankondiging en voorstelling van die wenners van die vorige dag se parallelle sessies.
- Die gasspreker, prof Wieland Gevers, praat oor: *Research publishing in SA: Past, present and future*
- Die ander spieuspuntvoordragte is:
 - Prof Hein Odendaal: *Prenatal exposure to alcohol and cigarettes*
 - Prof Eileen Hoal: *The history in our genes: The complex structure of the South African coloured population*
 - Prof Dana Niehaus: *There's a Xhosa on my stoep: Meandering through 13 years of schizophrenia research in the Xhosa population*
 - Prof Andre van der Merwe: *Laparoscopic urologic surgery: A key to success in Africa*

Besoek gerus die webblad by www.sun.ac.za/aad vir meer inligting. Ons nooi jou hartlik uit om hierdie besondere geleenthed op die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se program by te woon.



Gewilde Imbewu-Gesog-program lok meer studente na gesondheidswetenskappe

Die gewilde Gesog-program van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) bestaan reeds 'n dekade lank en maak 'n belangrike element van die FGW se werwings- en uitreikingsprogram aan studente uit diverse omgewings uit. Die program spog alreeds met 'n redelike goeie sukseskoers: omtrent 50% van die groep graad 12-leerders wat die program in 2009 bygewoon het, is vir studierigtigs in die FGW gekeur. Vanaf 2010 sal die program se naam aangepas word na die Imbewu-Gesogprogram waarna die finale naam, die Imbewu-program, in 2011 ingefaseer sal word.

Vanjaar het 83 graad 11-leerders die program meegemaak. Tydens die besoek is hulle blootgestel aan die verskeidenheid studierigtigs by die FGW. Die program is van 28 Junie tot 2 Julie aangebied en het onderwerpe soos beroepskeuses, die US se taalbeleid, beurse, studievaardighede, studenteondersteuning, koshuis- en kampuslewe, etiek, studentegesondheid, diversiteit en MIV/Vigs aangeraak. Die program is aangevul met paneelbesprekings met senior studente, 'n debat, 'n toer deur die Morfologie Museum en disseskiesale, en 'n navorsingsvoordrag. Vanjaar se groep leerders was hoofsaaklik afkomstig van die Wes-Kaap aangesien die Wêreldbekersokkertoernooi vervoer uit ander provinsies bemoeilik het.

Reuse opknapping aan geboue op Tygerberg skop af

Die geboue op Tygerbergkampus sal oor die volgende aantal jare 'n gedaanteverwisseling onderraan wanneer die eerste fase van 'n opgraderingsprojek van ongeveer R220 miljoen eersdaags afskop.

"As deel van die eerste fase is 'n bedrag van R20 miljoen vir die dringendste knelpunte beskikbaar gestel," verduidelik mnr Chris Munnik, Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur.

Ten einde dié kampusbates volhoubaar te bedryf en agterstande wat

oor jare ontstaan het, in te hal, sal die eerste fase die volgende opknappings insluit: die opgradering van die hysbakke, opgradering van die elektriese netwerk, die herstel/vervang van die dakke van die drie akademiese geboue, die skoonmaak van die buitenkant van die drie geboue, en beroeps- gesondheids- en -veiligheidskwessies.

Mnr John Viljoen tree namens die Universiteit Stellenbosch (US) as projekleier op, terwyl die uitvoerende projekbestuur aan die fasiliteitsbestuur maatskappy Drake & Scull FM uitgekontrakteer is.

Die instandhouding van die huisvesting vir buitelandse studente sal as 'n afsonderlike projek aangepak word. Volgens mnr Eben Mouton, Fakulteitsbestuurder by Tygerbergkampus, beloop die projekwaarde vir dié aparte projek R1,6 miljoen, en sal dit ten volle deur die betrokke kostesentrum gedek word. Dit maak dus nie deel uit van die R20 miljoen wat beskikbaar gestel is nie.

Mnr Mouton meen die instandhoudingsinhalaprojek sal nie net op kort en mediumtermyn 'n beduidende verandering in estetika meebring nie, maar sal ook beroepsveiligheids- en -gesondheidskwessies in die geboue hanteer om 'n veel veiliger werksomgewing vir personeel, studente en besoekers te skep.

Bykomend tot die instandhoudingsinhalaprojek sal nóg 'n projek in Augustus begin om twee bestaande lesinglokale in 'n nuwe, moderner en

groter lokaal te omskep wat met die jongste tegnologie toegerus sal word. Dié stap volg op die stelselmatige toename in MB,ChB-studente. Die totale koste hiervoor beoloop net meer as R6 miljoen, en word gesamentlik met sentrale en Fakulteitsgeld gefinansier. Die nuwe lokaal, wat plek vir meer as 300 studente sal hé, sal vir die akademiese jaar 2011 gereed wees.

— PRISCILLA BOOYSEN

Plaasarbeider se seun bestuur nou Welgevallenproefplaas

Kleintyd het hy sy pa, 47 jaar lank 'n plaasarbeider op Welgevallenproefplaas, by die werk rondgevolg. Vandag bestuur hy daardie selfde plaas.

"Ek het nog altyd 'n passie vir boerdery gehad," sê mnr Willem van Kerwel. Hierdie passie is duidelik wanneer hy deur die perskeboerde stap en uitwei oor die soort perskes, hulle ontwikkeling en hoe die weer die bome se bottyd beïnvloed het.

Willem het in Januarie 1984 as tegniese assistent by die Departement Hortologie aangesluit. Hier was hy onder andere betrokke by navorsing oor kern- en steenvrugte en later hoofsaaklik sitrus.

Sy vaardighede, sê hy, is by die Departement Hortologie "gevorm en ontwikkel", en hy is dankbaar vir die geleenthede en leiding wat hy daar ontvang het. So was hy in dié tyd betrokke by verskeie navorsingsartikels wat gepubliseer is, soos dié oor sitrus deur drs Graham Barry en Stephan Verreyne, veral om die probleem van sonbrand by sagtesitrus te voorkom.

In 2008 het hy as boordbestuurder by Welgevallenproefplaas begin, waar hy nou, twee jaar later, tot plaasbestuurder gevorder het. Hy is entoesiasties oor wat dié nuwe pos behels. "Een van ons projekte waaroor ek baie opgewonde is, is die erdwurmboerdery, waardeur ons ons eie orgaaniese kompos sal maak en só ook die

organiese deel van ons verskillende bedrywe by die plaaswerksaamhede sal integreer. Ongelukkig kan ons nie eensklaps van konvensioneel na orgaaniese oorskakel nie: Sekere konvensionele metodes is steeds nodig."

Willem gesels geesdrifrig voort: "n Ander groot doelwit is om die omvatende GLOBALG.A.P.-audit (n audit van goeie landbouprakteke) op die plaas te ondersteun. Omdat ons van ons vrugte, druwe en groente uitvoer, moet ons toesien dat die chemiese stowwe wat ons toedien nie die toelaatbare vlakke oorskry nie. Ons vrugte, groente en melk moet veilig wees vir menslike gebruik. Nog 'n groot uitdaging wat tot die pos bygevoeg is, is die Afdeling Veeekunde, wat ook die melkery insluit. Ek kry wonderlike ondersteuning met veebestuur van die kenners by Veeekundige Wetenskappe."

Sy positiewe ingesteldheid teenoor sy werk het hy by sy pa geleer. "My pa was baie toegewyd en hardwerkend. Hy het geglo dat jy jou werk behoorlik moet doen, maak nie saak watter werk nie. Sy integriteit in sy werk is iets wat ek altyd sal onthou en altyd in my eie lewe toepas."

Willem sê hy kon sy droom verwesenlik om plaasbestuurder te word danksy die ondersteuning van sy vrou,

Dorothy, wat in die afdeling Kommunikasie en Skakeling by die Universiteit werk, sowel as sy kinders, Wium, Inge en Werner.

"Ek het 'n wonderlike vrou en kinders wat my oneindige ondersteuning gee. Hulle is altyd daar vir my. Veral Dorothy moes baie opoffer sodat ek my droom kon najaag, en was altyd bereid om ná werk vir my te wag as ek moes proefplaas toe om werk af te handel."

Dit is egter duidelik nie net die boerdery wat Willem na aan die hart lê nie, maar ook die mense wat nou in die gemeenskap woon waar hy grootgeword het. Só gesels hy oor wat hy vir die plaasarbeiders en hul gesinne wil doen: "Toe ons destyds hier gewoon het, was dit 'n gesonde en bedrywige gemeenskap. Ons wil dit graag terugbring en dwelm- en alkoholisbruik uitwis. Ook die plaaskinders is vir my baie belangrik. Ons moet kyk na hoe hulle smiddae besig gehou kan word. Daar is reeds 'n kunstenaar wat die kinders by verskeie skilderprojekte gaan betrek en 'n maatskaplike werker wat die gemeenskap oor fetale alkoholsindroom sal inlig," vertel hy.

Hy wil ook saam met die Universiteit die moontlikheid van alterna-



Mnr Willem van Kerwel, die nuwe plaasbestuurder van Welgevallenproefplaas, se pa het 47 jaar lank as plaasarbeider op dié plaas gewerk

(Hennie Rudman, SSFD)

tiewe verblyf vir afgetrede plaasworkers ondersoek wat ná uittrede nie meer in die plaashuise kan woon nie.

Willem wil graag die kinders op die plaas aanmoedig om oor moontlikhede buite die plaasgemeenskap te droom, skool klaar te maak en ook universiteitstudie te oorweeg. "As hierdie kinders verder kan gaan leer,

kan hulle ook goeie loopbane hê en hul kennis weer in hul eie gemeenskappe belê. Baie mense voel hulle is vir ewig vasgevang in die lewe van 'n plaasbestuurder. Hoewel daar niets verkeerd is met daardie soort werk nie, wil ek die kinders ook aan ander moontlikhede blootstel en hulle aanmoedig om geleenthede vir verdere studie aan te gryp."

NOTICEBOARD

Community interaction project registration

Please register and/or update your Stellenbosch University (SU) community interaction projects by 15 September 2010. Registration and approval are valid only for the calendar year to ensure an accurate institutional record of all community interaction projects that can be used for management, monitoring, evaluation and coordination purposes. Please visit the SU community interaction website <http://www.sun.ac.za/CIDB> or contact Joanne Williams at 021 808 2977 or jhenry@sun.ac.za for assistance or more details.

School projects

The Community Interaction division of Stellenbosch University (SU) would like to get a better sense of the activities that the University is undertaking in schools to improve coordination activities within the University and for the benefit of the schools in the immediate area and beyond. Please assist the division in this regard by registering your school-related projects on the SU community interaction database <http://www.sun.ac.za/CIDB> by 15 September 2010. Please contact Rolene Liebenberg, Manager: Schools Partnerships (at 021 808 9142 or rolene@sun.ac.za) or Joanne Williams (at 021 808 2977 or jhenry@sun.ac.za) for more information.



Members of the Bavarian Choir accompanied the German delegation to South Africa. Here the choir poses with Rev Stefan Hippler of HOPE Cape Town (fifth person from the left), Prof Beckmann of TUM, Prof Wynand van der Merwe of SU and Dr Rupert Pritzl of the Bavarian State Chancellery

SU and Munich university tackle HIV prevention through sport

A letter of intent that will lead to the creation of a long-term partnership to support HIV prevention through sport programmes was recently signed between the Technical University of Munich (TUM) and Stellenbosch University (SU).

The plans envisioned by the TUM, represented by its Faculty of Sport and Health Science, and its South African partners, SU and HOPE Cape Town Association (HOPE), will lead to long-term scientific cooperation between South Africa and the Federal Republic of Germany in various environments focusing on HIV, such as clinical science, sport and health science, immunology, epidemiology, training and public health. Such cooperation will be underpinned by the exchange

of students, teachers, doctors and scientists with the aim of training highly qualified scientific experts and teaching personnel.

One of the main objectives of the working group is to recruit leading researchers and experts on HIV research from South Africa and Germany, focusing particularly on prevention through sport programmes, including practical public health care and the attraction of big industrial investors to help deal with problems related to HIV prevention.

Ongoing successful collaborations in HIV research at SU will be used as a model for similar cooperation between SU, HOPE and the TUM.

The purpose of the South African-

German cooperation is to improve access to effective measures of HIV prevention through sport programmes, to improve appropriate patient management, to stop the transmission of HIV, to reduce the social and economic toll of HIV and to assist in the development and implementation of new preventative and therapeutic tools and strategies to stop HIV. Such cooperation will particularly, but not exclusively, aim to establish an interdisciplinary approach to address HIV prevention, both in research and in clinical practice, by:

- empowering young women;
 - teaching young men about the importance of responsibility and teamwork; and
 - increasing life quality through adequate sporting opportunities for people who are HIV positive.
- "The partners believe that the envisaged South African-German partnership for HIV prevention through sport programmes will contribute towards reducing the burden of HIV in each partner country. It will enhance the quality of education, training and scientific research through capacity building and the exchange of skills and resources," says Prof Bernd Rosenkranz of the SU Faculty of Health Sciences.

Socio-economic rights instrumental in transforming South African society

An interest in law and how it can be utilised to bring about social change is a passion that has driven the research and advocacy work of Prof Sandy Liebenberg, HF Oppenheimer Chair in Human Rights Law at the Faculty of Law at Stellenbosch University (SU) since 2004. Her recently released book, *Socio-Economic Rights – adjudication under a transformative constitution*, is a tangible product of her life's work, examining how the "judicial interpretation and enforcement of socio-economic rights can be more responsive to the conditions of systemic poverty and inequality" in South Africa.

"The book discusses, amongst other things, the socio-economic injustices of the colonial and apartheid periods and examines the transformative potential of the 1996 South African Constitution, particularly the implications of the entrenchment of justiciable socio-economic rights in the Bill of Rights. It analyses how the courts, particularly the Constitutional Court, have interpreted the socio-economic rights of the Constitution over the last 13 years and it evaluates whether this jurisprudence has the capacity to help transform the circumstances of communities marginalised by poverty," says Prof Liebenberg.

Other issues explored in the book include the jurisprudence that has developed in respect of children's and prisoners' socio-economic rights, the evaluation and critique of some leading cases in housing, health care and social security, and the impact that socio-economic rights have had on private law, in particular on contract and property law.

"The book ultimately insists on the responsibility of the courts to interpret the socio-economic rights of the Constitution in ways that promote more just economic and social relationships in South Africa."

Prof Liebenberg's interest in the field of socio-economic rights was ignited by the work she did in mounting legal challenges to the forced removal of communities under apartheid legislation and her involvement in political trials during that time. This

piqued her interest in how the law could be used to serve even the most marginalised in society.

This interest saw Prof Liebenberg appointed to the technical committee advising the Constitutional Assembly on the drafting of the 1996 Constitution. She also founded the Socio-Economic Rights Project based at the Community Law Centre of the Uni-

and socio-economic rights as inter-related. If someone is starving, that person can't exercise her or his political freedoms and, if someone is uneducated, that person can't participate fully in society. There's really no point in having all these freedoms but not having the means to exercise those freedoms. I've always been interested in how the rights contained within our

The South African Journal on Human Rights, the *African Human Rights Law Journal*, *Speculum Juris* and the *Human Rights Law Review*. She is currently Chair of the Board of Directors of the Socio-Economic Rights Institute of South Africa and is also a member of the Board of the Institute for Human Rights and Development in Africa (based in the Gambia). In addition, she is the co-director of one of SU's HOPE initiatives, *Combating Poverty, Homelessness and Socio-economic Vulnerability under the Constitution*.

The South African Constitution, explains Prof Liebenberg, is unlike any other constitution in the world. Constitutions have traditionally focused on civil and political rights but South Africa took this a step further by incorporating judicially enforceable socio-economic rights into the Constitution. The supreme law of South Africa thus aims not only to address the injustices of the past but, as Prof Liebenberg says, also to create a transformed society "based on democratic values, social justice and fundamental human rights".

"Internationally, the South African Constitution is seen as a good example of a constitution that includes socio-economic rights that can be enforced in a court of law. In a sense, we're seen as a laboratory and many countries and United Nations bodies are interested in how South African courts interpret and enforce these rights and whether they have an im-

"The supreme law of South Africa thus aims not only to address the injustices of the past but also to create a transformed society based on democratic values, social justice and fundamental human rights."

– Prof Sandy Liebenberg


versity of the Western Cape in 1997 and has, through this Centre, been involved in a number of groundbreaking *amicus curiae* (friends of the court) interventions, such as the *Government of South Africa v Grootboom* case, which focused on the right to housing, and the *Minister of Health and Others v Treatment Action Campaign and Others*, which dealt with the right of pregnant mothers to have access to government-provided anti-retroviral treatment to prevent the transfer of the HI virus from mother to baby.

"The Constitution gives us a powerful tool to support people in their struggles for a better life. However, we need to see civil, political

Constitution can be used to make a concrete difference in people's lives," explains Prof Liebenberg.

This is also the message that Prof Liebenberg passes on to the postgraduate students whom she supervises. "I've had passionate lecturers who instilled the idea in me that the law shouldn't be just about making money but that it should be used to improve the lives of others. I try to instil this same sense in my own students today."

Prof Liebenberg's extensive research and legal work in socio-economic justice have resulted in her becoming an internationally recognised scholar and expert in the field. She serves on the editorial boards of



Prof Sandy Liebenberg tackles the important issue of socio-economic rights in her new book

(Hennie Rudman, SSFD)

pact on people's lives. The book has therefore attracted international interest," Prof Liebenberg says.

Prof Liebenberg hopes that the book will have an impact on what she describes as South Africa's "relatively conservative legal culture".

"I hope the book will be useful to the legal community and civil society organisations involved in socio-economic rights advocacy and litigation. My ultimate hope is that the book will contribute to developing our legal system to be more responsive to the claims and circumstances of those living in poverty."

■ *Socio-Economic Rights – adjudication under a transformative constitution* can be ordered from Juta & Co by visiting www.jutalaw.co.za.

Lentelus Sokkersentrum sal sokkersterre vir die toekoms ontwikkel

Regs: Me Jackie Wiese (links), Direkteur: Sportburo, en raadsheer Cyril Jooste, burgemeester van Stellenbosch, deel die groot oomblik met prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel (middel), toe hy onlangs die Lentelus Sokkersentrum ampelik geopen het

(Justin Alberts)

Onder: Die lint was skaars geknip toe kinders van die gemeenskap vol geesdrif hul sokkertalent op die splinternuwe veld gewys het

(Justin Alberts)



Die FIFA Wêreldbeker is verby en Spanje het die toernooi die eerste keer in die geskiedenis gewen, maar op Stellenbosch oefen talentvolle sokkerspelers reeds by die nuwe Lentelus Sokkersentrum vir toekomstige toernooie.

Sowat vier maande nadat prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, en prof Julian Smith, Vise-rektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, die eerste sooi van dié ultramoderne sokkersentrum gespit het, is dit op 6 Julie te midde van groot opwinding geopen. Die lint was ook skaars geknip of 'n horde geesdriftige kinders het hul jong talent op die veld begin toon.

Die sentrum, wat deel uitmaak van die FIFA 2010-nalatenskap, sal as basis dien vir die Universiteit Stellenbosch (US) se Jeugsportinisiatief, wat daarop gemik is om jong talent deur sokker te ontwikkel. Dié projek is een van die US se HOOP-inisiatiwe. Dit is ook in pas met die instansie se strategiese fokus om wetenskap ten bate van die gemeenskap aan te wend, en Suid-Afrika en die vasteland se grootste uitdagings só die hoof te bied. Dit skep ook hoop vir kinders met 'n lewendige belangstelling in sokker.

In hierdie eerste fase van die projek, wat sowat R18 miljoen gekos het, is 'n kunsgrasveld van volle grootte, en Futsalsokkerbane (vyf-aan-'n-kant-sokkerbane) wat deur FIFA goedgekeur is, aangelê. 'n Tweede fase word beplan wat grasvelde, sandbane (vir strandsokker) en uiteindelik 'n volledige paviljoen, opgeknapte aantrek-kamers en 'n konferensiesentrum sal

insluit. Dit sal na raming 'n verdere R80 miljoen kos.

"Die Jeugsportinisiatief, wat met die Sokkerakademie en skole in die gemeenskap skakel, sal kinders en ook mense met gestremdhede help om hul vaardighede te ontwikkel," het prof Smith, wat ook sportsake aan die Universiteit bestuur, gesê.

Die sentrum is egter veel meer as net 'n sportprojek. Hier sal kinders ook akademiese en lewensvaardigheidsopleiding ontvang danksy 'n vennootskap tussen die US se Sport-prestasie-instituut (SUSPI) en 'n Duitse organisasie, *Stars of Tomorrow*. Hierdie naskoolse program sal leerders wat akademies sukses, toegang bied tot spesialisopvoeders, afrigers en nagraadse studente wat bykomende studiehulp, gespesialiseerde lewensvaardigheidsopleiding en sokkerlesse sal aanbied.

"Of dit nou die naskoolse program, ons akademie vir talentvolle jeug, of ons ontwikkelingsinisiatief vir meisies en kinders met gestremdhede is – ons oorkoepelende doel is om 'n holistiese sokkerervaring te bied wat wye as sport sterk sosiale en akademiese vaardighede toer," sê me Gugu Ntuli, Hoof-Uitvoerende Beämpt van SUSPI.

– SONIKA LAMPRECHT

Exchange of ideas main focus in Military Dean's visit to China

"The trip to China offered me an unique experience to learn from and exchange ideas with some of Africa's leading military leaders. I was able to immerse myself in how military education and training is offered in different parts of the continent and the world. While we often view military powers like the United States and Britain as the gold standard when it comes to military education and training, I was once again reminded of the important role that China, Korea and Russia, have played in the education and training of military personnel in Africa."

